
15 MAART 2026

# TORINGKERK NUUS

OGGEND EREDIENS | KOM EN SIEN | JOH. 1:39 & 46; 4:29; & 11:34



**DIE UITNODIGING VAN 'KOM EN SIEN' IS NIE 'N UITNODIGING NA 'N NETJIESE GODSDIENS NIE. DIT IS 'N UITNODIGING NA 'N LEWE SO VERSADIG MET DIE BRON VAN ALLE LEWE DAT DIT IN JOU - JOU VERHOUDINGS, JOU WERK, JOU HARTSEER, JOU POLITIEK, JOU VREUGDE – EINTLIK IN ALLES OORLOOP.**

# LYDENSTYD

Lydenstyd is 40 dae en 6 Sondae lank (die Sondae word nie by die 40 dae ingetel nie). Dit begin met Aswoensdag en strek tot en met Goeie Vrydag. Lydenstyd wys by uitstek dat God op 'n besonderse manier die God van die noodlydende, die arme en die verontregte is en dat Christus in ons werklike nood ingedaal het. In Lydenstyd word daar gefokus op die lyding van Jesus (veral tydens sy 40 dae in die woestyn) asook op die swaarkry en lyding in die wêreld. Christene gebruik hierdie tyd om hulself voor te berei op Paasfees deur introspeksie en sondebelydenis te doen. Ou kerkgewoontes soos vas, stilte en gebed het Christene oor die eeue hiermee gehelp. **Hierdie is die 5de Sondag van Lydenstyd**.





# NAGMAAL

Soveel van die spesiale oomblikke in die lewe gebeur rondom tafels. Dis waar ons gesels, eet, kuier, werk en soms selfs speel. Dis ook die plek waarheen ons elke keer weer terugkom. Na 'n lang dag by die skool of werk, of nadat ons heel middag lekker gespeel het, kom sit ons aan by die tafel. Jesus het geweet dat om saam om te eet deel is van ons bestaan. Hy het een van die mees alledaagse gebeurtenisse in ons lewe gebruik om ons vir ewig te herinner aan wie Hy is. Die Nagmaal herinner ons ook dat ons sy navolgers is en wat ware gemeenskap is. Die Nagmaal is 'n fisiese teken wat ons herinner aan God se ewigdurende, onvoorwaardelike liefde vir ons. Wanneer ons die brood eet en wyn/sap drink, herinner dit ons dat Christus sy liggaam (brood) en sy bloed (wyn/sap) gegee het sodat ALMAL vergewe kan word en ALMAL mag deel in sy liefde. Dis 'n geleentheid waar ons vir 'n oomblik nadink oor sy lyding, maar dit is ook 'n fees wat ons vier saam met ander, juis sodat ons kan onthou dat Jesus ons almal liefhet en dat ons mekaar ook só moet liefhê.

# DANKIE AAN ELKEEN WAT DEEL GENEEM HET AAN ONS REEKS

Dankie aan elkeen wat saam met ons gereis het deur die reeks, *Verras deur die Tuinier*. Dit was 'n geseënde 6 weke saam en ons is dankbaar vir elkeen wat die omgeegroepe bygewoon het, gehelp het met admin, mooi maak van die kerk, omgeegroepe gelei het, mense by die deure verwelkom het. Ons kan nie sonder mekaar nie en dis 'n voorreg om saam te mag reis.



# ONS DOOP VIR LIESBET

Baie geluk aan Henk en Christine met die doop van Liesbet. Ook aan alle familie en vriende wat ons besoek vanoggend.

Dankie vir die beloftes wat julle as ouers vanoggend maak om Liesbet van God en Sy genade en liefde te leer en te vertel, en dat julle kies om dit binne gemeenskap van gelowiges te doen. Ons bid dat die Here julle sal lei op hierdie reis van ouerskap.






# ONS DOOP VIR LYRA

Baie geluk aan Lizèl en Charlton met die doop van Lyra. Ook aan alle familie en vriende wat ons besoek vanoggend.

Dankie vir die beloftes wat julle as ouers vanoggend maak om Lyra van God en Sy genade en liefde te leer en te vertel, en dat julle kies om dit binne gemeenskap van gelowiges te doen. Ons bid dat die Here julle sal lei op hierdie reis van ouerskap.

# ONS DOOP VIR ALEXANDER

Baie geluk aan Armand en Leonie met die doop van Alexander. Ook aan alle familie en vriende wat ons besoek vanoggend.

Dankie vir die beloftes wat julle as ouers vanoggend maak om Alexander van God en Sy genade en liefde te leer en te vertel, en dat julle kies om dit binne gemeenskap van gelowiges te doen. Ons bid dat die Here julle sal lei op hierdie reis van ouerskap.



GEBEURE OM NA UIT TE SIEN

TORINGKERK

# dagboek DIE DATUM



**06 MRT** **BIDDAG VIR VROUE**
TORINGKERK| 12:00-14:00



**28-30 MRT** **#IMAGINE KAMP**
BREDASDORP | TIENERS



**29 MRT** **PALMSONDAG**
TORINGKERK | 09:00



**2 APR** **WIT DONDERDAG**
TORINGKERK | 18:30



**3 APR** **GOEIE VRYDAG**
NG AGTER-PAARL | 09:00



**5 APR** **PAASFEES**
TORINGKERK | 09:30

# VETKOEK DRIVE-THRU

Ons hou 'n Markietie fondsinsameling **Vrydag 20 Maart tussen 17:00 en 19:00** en ons verkoop **VETKOEKE**!

Vetkoek met maalvleis: R30
Vetkoek met kaas & konfyt: R20
Vetkoek met niks op nie: R10

Jy is welkom om ook te sit en by die saal te eet en saam te kuier (bring net eie drinkgoed) maar kan ook wegneem huistoe. ***Bestel aanlyn by kerkkantoor of [www.tkmarkietie.co.za](http://www.tkmarkietie.co.za)***





# WYNVEILING SKENKINGS

Op 8 Mei is dit weer ons wynveiling en ons is baie opgewonde om weer hierdie geleentheid te vier. Ons vra vir lidmate om asb na hulle versameling wyne en ander drank te gaan kyk en dit te oorweeg om 'n skenking of twee te maak vir hierdie jaar se geleentheid. as dit nie in die vorm van 'n bottel kan wees nie sal 'n donasie ook welkom wees. Ons waardeer dit ongelooflik baie.

***Kontak vir Gert (0836299267) of een van die leraars indien jy 'n skenking kan maak.***

# #IMAGINE

Ons gemeente gaan #Imagine toe!

**Datum: 28-30 Maart**

Dit is 'n ongelooflike ervaring van tieners regoor die Weskaap.

**Inskrywingsvorms en meer inligting beskikbaar by Stefan** (0742320008) of jeug@toringkerk.co.za


Voltooide vorms moet teen 20 Maart in wees. Borge is moontlik om onkostes te verminder.



# APRIL EREDIENSTYD

Kan jy glo dis alweer amper April maand. Die jaar is vinnig aan die beweeg en met April verander ons eredienstye weer vir die wintermaande.

**Eredienste begin van April af om 09:30**. Maak sommer nou al 'n nota daarvan. Ons sal aanhou om julle in die weke wat kom hieraan te herinner.





# GOEIE VRYDAG DIENS

Ons gemeente is al vir baie jare deel van 'n samewerkingsooreenkoms met Strooidak en Paarl-Vallei om die Goeie Vrydag diens te roteer. In die laaste paar jaar het Agter-Paarl Gemeente ook bygekom.

**Hierdie jaar is die Goeie Vrydag diens op 3 April by Agter-Paarl Gemeente om 09:00.**

Opstandingsondag diens op 5 April is weer in Toringkerk om 09:30.

# THE CHOSEN

Ons gaan weer ***The Chosen*** reeks saam kyk as gemeente. *The Chosen* gee ons die geleentheid om die Evangelie op 'n vars manier te sien en Jesus se liefde, lewe en lyding te herontdek.

Ons kyk een episode elke Sondagaand en gesels dan daaroor daarna.

**Sondae 17:30-19:30 in die kerk.**
**Eerste byeenkoms is 12 April.**

***Enige navrae of vir meer inligting kontak vir Marissa (0834130119), Jozef (0823015063) of Jana.***



# WYNVEILING DAGBOEK DATUM

Ons jaarlikse Wynveiling is weer om die draai en kaartjies sal in die volgende paar weke beskikbaar gemaak word.

Ons vra solank dat jy die datum net dagboek sodat jy nie 'n dubbele bespreking het nie. Dis elke jaar so lekker gesellige geleentheid en ons hoop om jou daar te sien.

**Vrydag 8 Mei 2026**





# ECHO HUIS GEMEENSKAPSETE

Dit is weer ons beurt om die Echo Huis se Gemeenskapsete aan te bied. Ons kuier die aand saam met die vroue van die Echo Huis en leer hulle beter ken en ons as gemeenskap trek saam vir sorg en omgee van mekaar, ook hulle vir ons. Ons het mekaar nodig en sou armer wees sonder mekaar. Bring vriende en familie en kom kuier asb saam:

**Donderdag 26 Maart 18:00-20:00**

***Kontak asb vir Jana as jy gaan bywoon.***

# RUSOORD BASAAR

Rusoord hou basaar en ons wil julle graag aanmoedig om dit te ondersteun.

**Saterdag 14 Maart - hierdie Saterdag! En dit begin om 09:00.**

Daar is allerhande lekkernye en handewerk, moet nie te laat gaan nie anders is alles al weg.



# GEMEENSKAPETE

@paarl echo -youth
house
-7 Marsh str
Denneburg

26
MAART
2026

18:00 VIR
18:30
-20:00

bring asb iets om te drink
saam of n chip om langs die
tafel te deel

RSVP
by n huismaat of Jana -
083 948 4233
voor die 23 Maart

# BAIE GELUK *met jou verjaarsdag!*

15 Mrt Nadia Herbst
15 Mrt Hester Vermeulen
15 Mrt Rikus Walters
15 Mrt Nico Wiese
16 Mrt Marli Cloete
16 Mrt Tiaan Grundlingh
16 Mrt Klaas Kramer
17 Mrt Dulcie Flannery-Beukes
17 Mrt Estelle Huisamen
17 Mrt Arlo Makkink
18 Mrt Jandré Alberts
18 Mrt Stéfan Davis
18 Mrt Leoni Kroff
18 Mrt Natasja le Roux
18 Mrt Izanne Lourens
18 Mrt Lisa-Marie Smit
18 Mrt Zahn van Zyl
19 Mrt Pippa Baartman
19 Mrt Jaco Goosen
19 Mrt Cai Hamman
19 Mrt Lily Van der Vyver
19 Mrt Leah Van Rooyen
20 Mrt Jackie Du Toit
20 Mrt Hanno Grundlingh
20 Mrt Elsabe le Roux
20 Mrt Christine Orsmond
20 Mrt Tanya Rockman
20 Mrt Jean Smit
20 Mrt Anzelle van der Vyver
20 Mrt Maria Vermeulen
21 Mrt Marieta Cronje
21 Mrt Matty Visser

# KINDERS & JEUG

## KINDERKLEINGROEPE (5JR - GR.7)

Kinderkleingroepe hierdie Sondag. Petrus

## KRUISCONNECT (GR. 8-10)

KruisConnect hierdie Sondag - van na die diens tot 11h00.

## TIENERKERK (GR. 7-12)

Tienerkerk hierdie Dinsdag , om 19:00 in die bo-saal.

# TAIZÉ TEKSTE VIR DIE WEEK

**SONDAG, 15 Mrt**
Ef. 5:8-14

**MAANDAG, 16 Mrt**
Ps. 113

**DINSDAG 17 Mrt**
Luk. Deut.32:1-4

**WOENSDAG, 18 Mrt**
Ef. 3:7-13

**DONDERDAG, 19 Mrt**
Rom. 4:13-22

**VRYDAG, 20 Mrt**
Jes.51:11-16

**SATERDAG, 21 Mrt**
2 Kon. 6:1-10

**SONDAG, 22 Mrt**
Joh. 11:1-45

# DEURKOLLEKTE

## SPESIALE DEURKOLLEKTE : RUSOORD

Rusoord spesialiseer in die geriatriese versorging, in 'n versorgings fasiliteit, van kwesbare ouer persone.Tans het hulle 176 inwoners. Rusoord is deel van ons Toringkerk Familie.

# KALENDERBORG: MAART

FARMWISE Cape QUALITY FRESHNESS
Johan & Zùleka Smit
082 657 5200
021 875 5943
johan@farmwisecape.co.za
farmwisecape.co.za
R44 en route to Stellenbosch, Bronkhorst Farm 6/748, Klapmuts 7625

# KONTAK ONS GERUS!

## ONS WIL GRAAG GESELS!

### LERAARS

Jana van den Munckhof | 083 948 4233 | jana@toringkerk.co.za

Peet Bester | 084 583 3454 | peet@toringkerk.co.za

### TENTMAKER

Dawfre Theron | 082 899 3959 | dawfre@toringkerk.co.za

### JEUG

Stefan Smit | 074 232 0008 | jeug@toringkerk.co.za

### KANTOOR

Anna-Marie le Roux | 021 872 6730 | info@toringkerk.co.za

### FINANSIES

Annelie Dell | 021 872 6730 | finansies@toringkerk.co.za

### TERREINKOöRDINEERDER

Connie Jacobs | 071 295 9297 | info@toringkerk.co.za


### AFLOSKOSTER

Johan van Rhyn | 084 792 1040 | info@toringkerk.co.za

### ORRELIS

Mario Nell | 082 852 4536 | marionell2@gmail.com

RUSOORD: SONDAE 0M 10:30 IN RUSOORD KAPEL:
Emeriti predikante, Ds. Christo van Wyk en Ds. Nico Kriek bedien.



# DANKOFFERS

## DANKOFFERS, MAANDELIKSE BYDRAE EN TIENDES

TORINGKERK
ABSA
TAKKODE:
632 005
REK NR:
400 590 176

TORINGKERK ZAPPER

# TK WHATSAPP

## TORINGKERK WHATSAPP GEMEENSKAP

SLUIT AAN EN
BLY IN KONTAK
METJOU
TORINGKERK
GEMEENSKAP
VIA
WHATSAPP

TORINGKERK WHATSAPP GROEP

Kontak gerus die kantoor indien jy nie die Toringkerk Nuus per epos of Whatsapp wil ontvang nie.